Die Hoër Tegnologiese Skool
John Vorster

25 Oktober 2023

TENDERUITNODIGING: BEDRYF VAN HTS JOHN VORSTER-SKOOLKAFETERIA: DIE JV-SNOEPSTOEP

Die beheerliggaam van die HTS John Vorster rig hiermee 'n uitnodiging aan persone wat belangstel om, volgens voorskrif, te tender vir die bedryf van kafeteria-fasiliteite op die skoolterrein soos uiteengesit.

Die skoolkafeteria sal ‘n alles insluitende kantien wees wat basiese etes, nie-alkoholiese drinkgoed, versnaperinge en spyseniering (op ‘n klein skaal) op ‘n daaglikse basis verskaf aan personeel, besoekers, leerder en die skoolgemeenskap.

Die fasiliteit sal bestuur word op ‘n “volle risiko”- model (geen subsidie van die skool nie).

Die kontrakteur sal voorsiening maak vir

a) Kantiendienste
b) Spysenieringdienste
c) Daarstelling en onderhoud van eie toerusting
d) Verskeie spyskaart-opsies en produkte
e) Nodige dokumente (gesondheidwetgewing ens)
f) Eie IT-infrastruktuur (“point of sale”, kaartfasiliteite, ens)

1. INLIGTINGSESSIE

1.1 Voornemende kontrakteurs word uitgenooi na ‘n inligtingsessie wat gehou sal word by die skoolperseel op 31 Oktober 2023 om 14:00.

Let wel die inligtingsessie is nie verpligtend nie maar sal voordelig wees.

1.2 Tydens die inligtingsessie sal voornemende kontrakteurs vrae aan die skool kan rig en die bestaande fasiliteite kan besigtig.

2. SLUITINGSDATUM VAN TENDER

2.1 Tenders moet voor of op 10 November 2023 teen 12:00 by die ontvangs van die skool in 'n geseëlde koevert ingehandig word. Dui op die koevert aan dat dit 'n tenderaansoek is en dat dit vir die aandag **Mnr Jacques van Tonder** is.

3. MINIMUM VEREISTES VIR DIE BEDRYF VAN DIE FASILITEIT

Die kontrakteur sal voldoen aan die volgende:

3.1 RISIKOBESTUUR

Die kontrakteur sal verseker dat operasionele risiko's word geïdentifiseer en bestuur.

3.2 REGULASIES

Alle regulasies wat van toepassing is op beroepsveiligheid en die voorsiening van voedsel moet te alle tye nagekom word.

a) Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (No. 85 van 1993)
b) Regulasie 638 van die voedsel, kosmetika en ontsmettingsmiddel Wet 54 van 1972
c) Verskaffing van 'n Sertifikaat van Aanvaarding (Certificate of Acceptability)
d) Die skool se sekuriteit en noodbeleide gevolg word.

3.3 HUUR

Die huurgeld beloop R4 500.00 per maand betaalbaar oor tien maande vanaf Februarie tot November elke jaar met die eerste betaling wat gemaak moet word voor of op 1 Februarie 2024.
Nota: Munisipale koste vir elektrisiteit, water en vullisverwydering, sal ingesluit wees.

3.4 TOERUSTING

Die suksesvolle kontrakteur sal op eie koste die fasiliteit toerus volgens voorgeskrewe gesondheidsregulasies.

3.5 INSPEKSIES

Die fasiliteite sal minstens een keer per kwartaal deur die skoolbestuur inspekteer word. Die verslag sal aan die beheerliggaam voorgehou word.

3.6 SPYSKAART

Gesondheidskos sal 'n verpligte deel van die kafeteriaspyskaart wees.
Die kontrakteur verskaf basiese etes, nie-alkoholiese drinkgoed en versnaperinge op 'n daaglikse basis asook spyseniering wanneer dit versoek word.

3.7 BESTUUR VAN PERSONEEL

Die kontrakteur sal verantwoordelik wees vir die aanstelling en bestuur van kantienpersoneel en sal ‘n voldoende aantal personeel aanstel om die kafeteria te bedryf. Dit sal die kontrakteur se verantwoordelikheid wees om personeel te bestuur volgens die voorskrifte van die Arbeidswet van Suid-Afrika en om te verseker dat alle personeel voldoende opleiding ontvang het (ook tov brandbestryding en eerstehulp). Die kontrakteur is ook verantwoordelik om te verseker dat alle personeel onder die kontrak in goeie gesondheid is en geen risko is vir die HTS John Vorster Skoolgemeenskap inhou nie.

4. TENDERVOORSKRIFTE

Dit is belangrik om te verstaan dat die kafeteria absoluut ten doel het om 'n gesellige atmosfeer vir leerders te skep waar 'n verskeidenheid versnaperings beskikbaar is. Voornemende kontrakteurs moet 'n skriftelike tender indien, wat die volgende bevat:

4.1 ADMINISTRATIEF

a) Die naam, identiteitsnommer en kontakbesonderhede van die applikant.
b) Die BTW-registrasienommer (indien geregistreer) van die applikant.
c) Die potensiële kontrakteur moet ‘n bedryfsgeskiedenis van ten minste een jaar hê en moet as sulks bewys kan lewer deur verwysingsbriewe of kontakbesonderhede van ten minste drie kliënte te verskaf.

4.2 SAKEPLAN

'n Volledige sakeplan uiteengesit van hoe die voornemende kontrakteur beoog om die fasiliteit te vestig en te bedryf, met die inagneming van all die nodige vereistes.

a) KAPITAALINVESTERING

Na gelang van die grootte van die kapitale spandering kan aansoek gedoen word vir verlening van die termyn tot 'n maksimum van 36 maande. Elke voornemende kontrakteur moet 'n aanduiding gee van wat die gewenste kontraktermyn moet wees om kapitale spandering te regverdig. Elke tenderaar moet homself vergewis van die huidige kafeteria-uitleg.

b) FINANSIËLE PLAN

i) Maandelikse huur wat die kontrakteur bereid is om te betaal vir 40 m^2 vloeroppervlakte soos verskaf deur die skool of alternatiewe voorstelle indien die kontrakteur die infrastruktuur sou wou verskaf.
ii) Moontlike winsdeling/skenkings opsies aan die skool

c) BEDRYFSURE

i) ‘n Uiteensetting van voorgestele bedryfsure
Nota: Die fasiliteit word nie tydens skoolvakansies bedryf nie behalwe tydens voorafgereelde sportgeleenthede / ander aktiwiteite

d) SPYSKAART

i) 'n Spyskaart van ligte etes asook die voorgestelde verkoopsprys van alle produkte wat verkoop gaan word.

e) KAFETERIA-ATMOSFEER

‘n Uiteensetting van die algehele kafteria-atmosfeer wat beoog om geskep te word.

f) INFRASTRUKTUUR UITEENSETTING

i) Tegnologie en betaalmeganismes beskikbaar.
ii) Toerusting
iii) Ander

g) BEDRYFSUITEENSETTING

i) Benadering om die kafeteria altyd netjies en skoon te hou.
ii) Vinnige vloei sodat effektiewe bediening tydens dienslewering plaasvind.
iii) Daaglikse afleweringsdiens aan personeel beskikbaar is.
iv) Bestellings effektief geplaas en gelewer kan word.

5. DISKWALIFIKASIES VAN TENDER

a) Tenders wat nie aan die vereistes hierbo voldoen nie, sal nie oorweeg word nie.
b) Die besluit van die beheerliggaam oor 'n suksesvolle applikant, is finaal.
c) Die beheerliggaam behou die reg voor om die tender weer oop te stel vir aansoeke indien daar nie 'n geskikte tenderaansoek ontvang is nie.

6. KONTRAKVEREISTES

a) Versuiming om die voorskrifte na te kom, sal die beëindiging van die kontrak tot gevolg hê.
b) Die suksesvolle kontrakteur moet bereid wees om 'n skriftelike kontrak met die beheerliggaam aan te gaan.
c) ‘n Sekuriteitsdeposito gelykstaande aan een maand se huurgeld is betaalbaar.

7. KONTAKBESONDERHEDE

Vir meer besonderhede kontak asb Mev Denise Loots by **denise@insurite.co.za** of skakel 083 797 7409.